

DEMOKRATIESE NASIEBOU AS 'N VOORGESTELDE NUWE *leitmotiv* VIR DIE ONDERRIG VAN SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS

'n Voorbeeld van die verkonkretisering daarvan by wyse van die uiteensetting van 'n
sillabustema

Dr. Junita Kloppers-Lourens
Onderwyskundige Projekleier van

SANLAM/AFRICA GROWTH NETWORK (AGN) POWERMATIC

INLEIDEND

Ter aanvang is 'n kort samevatting nodig van die artikel (die eerste van 'n reeks van drie) wat hierdie een voorafgegaan het, en wat in die vorige uitgawe (Nr. 31 Mei 1996) van GISTER EN VANDAG onder die opskrif 'N NUWE LEITMOTIV VIR DIE ONDERRIG VAN SUID-AFTIKAANSE GESKIEDENIS verskyn het.

Gedagtig aan die weerstand wat afgedwingde geskiedbeelde gedurende verskillende tydperke in die Suid-Afrikaanse verlede veroorsaak het, en met inagneming van die noodsaaklikheid om meganismes daar te stel wat die *leitmotiv* van die Suid-Afrikaanse geskiedenis meer aanvaarbaar kan maak, is 'n nuwe *leitmotiv* voorgestel.

Hierdie voorgestelde alternatiewe paradigma vir die onderrig van Suid-Afrikaanse geskiedenis bevat meganismes én behoort ook meganismes in werking te stel wat die voortdurende suiwering van dié *leitmotiv* moet bewerkstellig. Daar is in werklikheid voorgestel dat 'n suiweringsaksie op drie vlakke ingebou word. 'n Driedubbele korrekatief kan só bewerkstellig word.

In die eerste plek is die voorstel van *demokratiese nasiebou* as die produkcomponent van die nuwe *leitmotiv*, teenoor *leitmotive* van vorige tydperke, soos byvoorbeeld die *imperiale gedagte* tydens die Britse bewind, die *vryheidsgedagte* na 1881 en *Afrikanernasionalisme* vanaf 1948, 'n suiwering op sigself. Demokrasie is tans 'n konsep wat nie net 'n beperkte segswaarde het nie, maar dit geld nasionaal en internasionaal as norm. Demokratiese nasiebou is inderdaad 'n produk van die gees van ons tyd en nie slegs die ideaal van 'n bepaalde groep nie.

Tweedens is aangetoon dat die voorgestelde prosescomponent vir verdere suiwering behoort te sorg. As toeligtig van die *leitmotiv* sal dit die produk- of inhoudscomponent nog suiwerder kan maak, want dit sal die bestudering van die historiese proses insluit wat demokratiese nasiebou as produk

gelewer het. Dit sal op dié manier 'n voortdurende korrekatief op die inhoudscomponent van die geskiedbeeld wees. Verder is dit die sleutelcomponent in die opbou van 'n historiese vraaghouding.

In die derde plek is 'n verbeeldingryke onderrigbenadering voorgestel wat as 'n derde filter kan dien. Soos wat 'n *leitmotiv* met 'n produk- en 'n prosescomponent in ooreenstemming met die aard van geskiedenis is, is die nuwe onderrigbenadering wat voorgestel word, 'n verkonkretisering van die aard van geskiedenis.

Daar sal in hierdie tweede artikel by wyse van die ontwerp en uiteensetting van 'n sillabustema geïllustreer word hoe die voorgestelde *leitmotiv* in die onderrig verkonkretiseer kan word, of, anders gestel, hoe die voorgestelde *leitmotiv* geoperasionaliseer kan word. In 'n derde artikel, wat in die volgende uitgawe van GISTER EN VANDAG gepubliseer sal word, sal daar meer spesifiek by wyse van die uiteensetting van 'n bepaalde lesontwerp verduidelik word hoe genoemde suiweringsmeganismes in die onderrig in werking gestel kan word, en wat verder ook as praktiese illustrasie van die voorgestelde onderrigbenadering sal dien.

KURRIKULUMIMPLIKASIES VAN DIE VOORGESTELDE LEITMOTIV

Dit is aanvaarde kurrikuleringspraktyk dat die eise van 'n betrokke samelewing, vakdisiplinêre eise asook die behoeftes van die kind by die daarstelling van 'n vakkurrikulum verreken sal word.

Die voorstel dat demokratiese nasiebou as alternatiewe paradigma vir die onderrig van Suid-Afrikaanse geskiedenis kan dien of die produk- of inhoudscomponent van 'n nuwe *leitmotiv* word, is in ooreenstemming met die gestelde toekomspektief van die huidige leierskap in ons land. Hierdie voorstel is in werklikheid die resultaat van die verrekening van die eise wat die huidige Suid-Afrikaanse samelewing

aan 'n vakkurrikulum vir die onderrig van Suid-Afrikaanse geskiedenis stel.


Die voorgestelde proses- of vaardigheidskomponent wat onderskeibaar, maar nie skeibaar van die produk- of inhoudskomponent is nie, omdat geskiedenis produk én proses is, vorm saam met die produk- of inhoudskomponent die verrekening van die eise van geskiedenis as vakdissipline. Anders gestel, sluit die voorgestelde *leitmotiv* met sy produk- en proseskomponent aan by die wesensaard van geskiedenis as vak.

In hierdie tweede artikel sowel as die derde artikel sal aansluiting by die kind gevind word deurdat sy eise en behoeftes meer spesifiek aan die bod sal kom. Daar sal, met inagneming van die leerpsigologiese ontwikkeling van die kind én in die besonder sy vermoë om te kan abstraher, aangetoon word hoe die voorgestelde *leitmotiv* of grondmotief, en alles wat daarmee saamhang, by sy wêreld kan aanpas en in sy wêreld betekenis kan kry. Dit wat met betrekking tot 'n nuwe *leitmotiv* voorgestel word, sal vir die kind verbesonder word.

In hierdie artikel sal dus:

- * aangetoon word hoe genoemde **suiweringsmeganismes in werking gestel kan word**, om nie net weerstand, hartseer en verontmensliking in die toekoms te voorkom nie, maar om ook te verhoed dat geskiedenisonderrig weer sinoniem met 'n verbeeldinglose onderrigstyl word; én
- * sal daar by wyse van voorbeelde gedemonstreer word hoe die voorgestelde *leitmotiv* en gepaardgaande korrektiewe in die geskiedenis-kurrikulum gerealiseer kan word, met ander woorde hoe dié *leitmotiv* ten aansien van bepaalde inhoude tot sy reg kan kom.

Die verrekening van die determinante van 'n kurrikulum en meer spesifiek die akkommodering van die eise van genoemde determinante in 'n geskiedenis-kurrikulum, wat rondom die voorgestelde *leitmotiv* ontwerp is, kan skematies soos volg voorgestel word.



DIE KEUSE VAN 'N SILLABUSTEMA AS EKSEMPLAAR

Daar is in die eerste artikel aangetoon dat **demokratiese nasiebou** as die inhouds- of ideologiese komponent van 'n nuwe *leitmotiv* in die eerste plek as historiese produk, onder andere, kwalifikasies soos 'n ware **demokratiese kultuur en geregtigheid** vir

almal sal kan inhou. Tweedens is daarop gewys dat dit op 'n groter "**vermensliking**" van die geskiedenis sal kan neerkom. In die derde plek is verklaar dat demokratiese nasiebou ook vir die oordra van **bepaalde waardes** sal kan sorg.

In sodanige omstandighede behoort demokratiese nasiebou enersyds in die *verborge kurrikulum* en andersyds in die *formele kurrikulum* gestalte te kry.

Om by wyse van 'n voorbeeld aan te toon hoe hierdie voorgestelde *leitmotiv* in 'n sillabustema, as deel van 'n formele kurrikulum kan realiseer, sou die hele kwessie van *MENSEREGTE* in ons land as 'n geskikte keuse van so 'n voorbeeld geag kon word.

'n Rasionaal of beredenering ten opsigte van *MENSEREGTE* as keuse, wat op die insluiting van eksplisiete onderrig in aspekte van 'n demokratiese staatsbestel neerkom, sou *in die eerste plek* kon steun op *argumente en standpunte van kundiges*, soos onder andere die volgende:

* Tarrow meen die verantwoording vir die insluiting van enige aspek van menseregte in enige vakkurrikulum, sou in die eerste plek verantwoord kon word op grond van die inhoud van die Universele Deklarasie van Menseregte van 1948, wat 'n universeel aanvaarde dokument is. Die volgende regverdiging is vervat in die aanhef van hierdie dokument: "...That every individual and every organ of society, keeping this Declaration constantly in mind, shall strive by teaching and education to promote respect for these rights and freedoms". (1992: 25).

* Buergenthal en Torney wys daarop dat die "UNESCO Recommendation Concerning Education for International Cooperation and Peace and Education Relating to Human Rights and Fundamental Freedoms" van 1974, nie net die verband tussen onderwys en menseregte-opvoeding wêreldwyd bevestig nie, maar ook 'n beroep op regerings, onderwysowerhede en onderwysers doen om hierdie onderlinge verwantskap te herken én "to translate it into appropriate educational policies, practices and programs" (Tarrow, 1992: 25).

* Die Edgewood College of Education het die volgende kommentaar, op versoek van dr. Bengu, die Minister van Opvoeding, gelewer met betrekking tot geskiedenis-sillabusse vir 1995: "Of all school subjects, history has the most to offer the new South Africa, if properly taught. It can create individuals who are rational and critical thinkers; empathetic individuals who are tolerant and who can act responsibly in a democratic society" (National Education and Training Forum, s.j.: 2) (voortaan NETF). Verdraagsaamheid en 'n empatiese gesindheid is die produkte van opvoeding in menseregte.

* Volgens Starkey is "human rights education...not subject-specific, and activities and references to human rights are spread throughout the range and across all subjects" (1992: 137). Rendel stel dit só:

"As many has observed, human rights is an interdisciplinary subject and can be taught through many subjects" (1992: 160). Die feit bly staan dat dit 'n aangeleentheid van die opvoeding is, waarvoor alle skoolvakke verantwoordelikheid behoort te aanvaar, hetsy by wyse van die akkommodering daarvan in die verborge kurrikulum óf in die formele kurrikulum van 'n vak.

* Wetende dat menseregte 'n integrale deel van die kurrikulum behoort te wees; nie vakspesifiek is nie; én by wyse van verskeie vakke onderrig kan word, sou geskiedenis beskou kon word as een van die vakke wat by uitstek geskik is vir die onderrig in én vir menseregte (vgl. Tarrow, 1992: 28; Shafer, 1992: 166-167 & Trümpelmann, 1993: 130). Shafer sê in hierdie verband die volgende van geskiedenis: "Probably no other secondary school subject offers as much opportunity to teachers everywhere to convey the meaning of human rights, their origin and bold violations that have in turn reinforced the importance of these rights" (1992: 166). Mathews (1994: 5) se volgende opmerking strook hiermee: "History has the power to transmit the attitudes and values that a democratic society finds important".

In die tweede plek sou 'n beredenering vir die keuse van *MENSEREGTE*, as onderwerp vir die sillabustema by wyse waarvan die verkonkretisering van die voorgestelde *leitmotiv* geïllustreer kan word, kon steun op die *aanbevelings* én die uiteindelijke *temas* en *onderwerpe* van *tussentydse sillabusdokumente vir 1995*.

Die aanbevelings word in 'n getabelleerde vorm hierna uiteengesit. Die kolomme is soos volg verdeel:

(i) In Kolom A is 'n verwerkte vorm van dié voorstelle vervat, wat, op versoek van dr. Bengu, deur alle instansies en belanghebbende individue oor die breë onderwyspektrum aan die Nasionale Onderwys en Opleiding Forum (NOOF/NETF) gedoen is, ten opsigte van tussentydse geskiedenis-sillabusse vir 1995. Slegs dié temas en onderwerpe wat 'n direkte verband met menseregte-aangeleenthede in die Suid-Afrikaanse geskiedenis toon, is ingesluit.

(ii) In Kolom B is sillabus-temas- en onderwerpe wat 'n direkte verband met menseregte-aangeleenthede in die Suid-Afrikaanse geskiedenis toon, en wat in die Tussentydse Kernsillabusse vir Geskiedenis (1995) van die Departement van Onderwys vervat is, ingesluit.

KOLOM A	KOLOM B
<p>VOORGESTELDE SILLABUSTEMAS EN -ONDERWERPE WAT 'N VERBAND MET MENSEREGTE-AANGELEENTHEDE TOON (Kyk vorige bladsy par. (i))</p> <p>STANDERD VOORGESTELDE SILLABUSTEMAS EN -ONDERWERPE</p>	<p>SILLABUSTEMAS EN -ONDERWERPE WAT 'N VERBAND MET MENSEREGTE-AANGELEENTHEDE TOON (Kyk volgende bladsy par. (ii))</p> <p>STANDERD SILLABUSTEMAS EN -ONDERWERPE</p>
<p>2 2.1.2 Narrative History B People who served humankind Choose at least ONE of the following: explorers, leaders, <i>humanitarians</i>, scientists (These must reflect race and gender. A leader from the continent of Africa for B must be chosen.)</p>	<p>2 1. Waarnemingsgeskiedenis 1.2 Mense wat die mensdom gedien het 1.2.3 <i>Filantropie</i></p>
<p>3 2.2.2.1 South African History (Pre-Colonial to 1840) D A comparative study of the lifestyles of various societies (San; Khoikhoi; African farmers; Colonists; <i>Slaves</i>)</p>	<p>3 2.5 'n Vergelykende studie van die lewenstyle van die verskeie gemeenskappe 2.5.5 <i>Slawe</i></p>
<p>4 2.3.1.2 The Road To Democracy (formerly called Civics) * <i>emphasize resistance politics and recent democratic developments</i> * <i>new governing structures</i></p>	<p>4 2. Die weg na demokrasie 2.1 <i>Weerstandspolitiiek en resente demokratiese ontwikkeling</i> 2.2 <i>Nuwe regeringstrukture</i></p>
<p>5 2.4.2.1 South African History (1707 - 1795) B The Cape Colony (1707-1795) (a) The development and way of life of the inhabitants of the Cape (include <i>all</i> inhabitants) (iv) <i>slaves (different perspectives - the slave's point of view)</i> D Effects of the French Revolution on South Africa A brief overview how revolutionary ideas effected South Africa e.g. how it <i>effected ideas of democracy, and attitudes to slavery ...</i></p>	<p>5 2. Die Kaapkolonie (1707-1795) 2.1 Die ontwikkeling en leefwyse van die inwoners van die Kaap 2.1.4 <i>Slawe (Verskillende perspektiewe — die slawese weergawe)</i> 3 Die gevolge van die Franse Rewolusie op Suid-Afrika 3.1 <i>Idees oor demokrasie en houdings teenoor slawerny</i></p>
<p>6 2.5.2 South African History (1795-1840) A Cape (c) <i>The aboliton of slavery and its consequences</i></p>	<p>6 1. Die Kaap 1.3 <i>Die afskaffing van slawerny en die gevolge daarvan</i></p>
<p>7 2.6.2 South African History C Themes from South African History (1910-1994) (b) The new constitution and the <i>Bill of Rights, including the Children's and Women's charter</i> (c) The apartheid era and resistance (i) An overview of the major legislation (1948-1994) (ii) <i>Resistance to apartheid with reference to: the formation of resistance movements, the Defence Campaign, the Freedom Charter, Sharpeville, the Rivonia Trial, the 1976 uprising, etc.</i></p>	<p>7 4. Temas uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis 4.2 Die nuwe grondwet 4.2.1 <i>Handves van menseregte;</i> 4.2.2 <i>Kinder- en Vrouehandves.</i> 4.3 Die <i>apartheidsera en weerstand</i> 4.3.1 <i>Die vorming van weerstandsbewegings</i> 4.3.2 <i>Die Defiance Campaing</i> 4.3.3 <i>Die Freedom Charter</i> 4.3.4 <i>Sharpeville</i> 4.3.5 <i>Die Rivoniaverhoor</i> 4.3.6 <i>Die 1976-oproer</i></p>
<p>8</p>	<p>8</p>
<p>9 2.8.2.1 Selected Themes from South African History (1886-1926) A The Economic and Social Consequences of the Mineral Discoveries (with special reference to labour issues from 1886-1926 (c) <i>The strikes of 1907, 1913, 1920 and 1922</i> (e) Labour legislation to 1926 (e.g. The Mines and Works Act of 1911, the "<i>Civilized Labour</i>" policy of Hertzog, the <i>Colour Bar Act of 1926, etc.</i> B Political History 1902-1924 (c) The reaction against unification ii) <i>The passive resistance campaigns</i></p>	<p>9</p>
<p>10 2.9.2 South African History A South Africa 1924-1948 (c) <i>The policy of segregation - major legislation during this period; reactions to the legislation; forms of extra-parliamentary activity</i> B South Africa 1948-1976 (a) <i>The apartheid policy of the government: legislation and ensuing reaction and resistance to 1976. (A detailed study of this is required.)</i></p>	<p>10 2. Suid-Afrika, 1924-1948 2.5 <i>... segregasie onder druk; arbeidsonrus en ontevredenheid</i> 3. Suid-Afrika 1948-1970 3.1 <i>Die Apartheidsbeleid van die Regering: Wetgewing en die daaropvolgende reaksies en weerstand tot 1976</i> 3.3 <i>Beleid oor rasseverhoudinge en die daaropvolgende reaksie</i></p>

(NETF, s.j.: 8-28)

(Departement van Onderwys, 1995 a:-)
(Departement van Onderwys, 1995 b:-)
(Departement van Onderwys, s.j.::-)

Die sillabustemas- en onderwerpe in kursiewe druk, in die tabel, dien as bewys van die feit dat menseregte-aangeleenthede en -kwessies 'n integrale deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis vorm.

In die derde plek lê 'n verduideliking van die keuse van *MENSEREGTE* as sillabustema in die feit dat die ontwikkeling van 'n positiewe gesindheid jeens menseregte in een van die spesiale onderwysdoelstellings van KUMSA 2 uitgespel is (KODH, 1994: 19-20)).

Vierdens dien die feit, dat dit in die Konsepwitskrif oor Onderwys en Opleiding van 1994 uitgespel word dat waardes wat onderliggend is aan die demokratiese proses én die handves van fundamentele menseregte in die Grondwet, bevorder moet word, as 'n verdere verduideliking.

Daar sou *in die vyfde plek* volstaan kon word met Rösen, Van Jaarsveld asook Trümpelmann se sienings van die rol wat *MENSEREGTE* in die historiese problematiek van Suid-Afrika behoort te speel. Rösen (1991: 3) meen dat die historiese verskeidenheid van ons land voorgestel behoort te word "in a comprising historical perspective constituted by the ideas of universal rights". Van Jaarsveld (1992: 19) glo ook dat daar in dié verband "stelling" ingeneem behoort te word op grond van 'n handves van menseregte, en Trümpelmann (1993: 132) bepleit 'n menseregte-perspektief op die multikulturele problematiek van ons geskiedenis. Die verband tussen menseregte-opvoeding en die nuwe *leitmotiv* kom, bondig gestel, daarop neer dat menseregte deel is van die konsep demokrasie. Dit is 'n konstituerende deel van die demokratiese staat. Indien daar nie van menseregte sprake is in 'n bepaalde bedeling nie, is daar vanselfsprekend ook nie sprake van ware demokrasie nie.

As spesifieke sillabustema hou menseregte direk met die voorgestelde *leitmotiv* verband. Menseregte-opvoeding is nie net 'n sleutelkomponent van demokratiese nasiebou nie, maar dit is ook 'n konkretisering daarvan. Anders gestel, kulmineer demokratiese nasiebou, onder andere, in menseregte as 'n sentrale fokuspunt. Menseregte is inderdaad die gereedskap waarmee 'n demokratiese nasie gebou behoort te word.

DIE ONTWERP VAN DIE SILLABUSTEMA - MENSEREGTE

Alvorens oorgegaan word tot sillabusontwerp, is dit nodig om die begrip menseregte-opvoeding te presiseer en dit aan die *leitmotiv* te koppel.

Menseregte-opvoeding beteken enersyds om *van* menseregte te leer, en om andersyds opgevoed te word *vir* die beywering daarvoor én die uitoefening daarvan. Volgens die Ekonomiese en Maatskaplike Raad van die VN is die "teaching about human rights not enough. You will want to begin, and never to finish, teaching for human rights. Students will want not only to learn of human rights but learn in them, for what they do to be of the most practical benefit to them" (Lyseight-Jones, 1992: 139).

Lyseight-Jones wys daarop dat die onderrig *van* menseregte gemoed is met eksplisiete kurrikulum-inhoud. Dit is gewoonlik van 'n multidissiplinêre of interdissiplinêre aard en dit behels aspekte soos *kennis, vaardighede, gesindhede, begrip en waardegefundeerde optrede*, oftewel "value-based action". Daarteenoor is onderrig *vir* menseregte méér as net dit. Dit behels "process-based teaching and learning" met bykomende klem op interafhanklikheid en groepwerk-vaardighede. Dit is in werklikheid 'n weerbaarmaking van die kind. Dit wil dat kinders sal groei in hulle eie menslikheid. Dit beoog dat sodanige kinders volwasse sal word wat die vermoë het "to empathize with groups who are not like them and with experiences which are novel to them. Teaching for human rights can reach through the classroom out into the community in ways highly beneficial to both" (1992: 141-142).

Watter sillabusinhoud behoort in watter fases onderrig te word?

(a) Sillabusinhoud

Kennisinhoude vir menseregte-opvoeding kan byvoorbeeld onder die volgende onderwerpe ingedeel word:

(i) Die hoofkategorieë van menseregte

- regte
- pligte
- verpligtinge
- verantwoordelikhede

(ii) Vorms van onreg, ongelykheid en diskriminasie soos:

- slawerny
- rassisme
- menseslagting
- terrorisme
- seksisme

(iii) Suksesse en mislukkings van individue of bewegings in die stryd om menseregte

- (iv) Belangrike nasionale en internasionale dokumente en konvensies (vgl. Shafer, 1992: 162-163; Starkey, 1992: 132 & Tarrow, 1992: 23).

(b) Onderrigfases

Alvorens kennisinhoude met betrekking tot bogenoemde menseregte-onderwerpe ten aansien van die Suid-Afrikaanse omstandighede verbesonder of gedetailleer kan word, is dit eers nodig om aan te toon watter inhoude vir watter onderrigfases voorgedhou of voorgeskryf kan word. Dit kom daarop neer dat, met inagneming van die leerpsigologiese vlak van ontwikkeling of leergereedheidsvlak van leerders in die onderskeie onderwysfases, én met spesifieke fokus op hulle kennisvlakke, daar enersyds aangetoon moet word watter aspekte van menseregte in die primêre skool behandel behoort te word. Dit sal dien as onderbou vir wat in die sekondêre skool aangebied behoort te word. Andersyds moet aangetoon word watter soorte inhoude, konsepte en begrippe in die sekondêre skool bestudeer behoort te word.

In hierdie verband sou die volgende indeling op grond van die navorsing van Shafer (1992: 165-166), Starkey (1992: 131) en Tarrow (1992: 24) gemaak kon word:

(i) Die primêre skool

In hierdie fase behoort leerders bekend gestel te word met aspekte van die mees basiese of fundamentele konsepte en begrippe wat met menseregte verband hou. Waardering vir en bereidheid tot byvoorbeeld die volgende behoort beklemtoon te word:

- 'n positiewe selfbeeld
- demokratiese waardes, soos
 - * *gelykheid*
 - * *vryheid*
 - * *mededeelsaamheid*
 - * *respek vir standpuntinname*
 - * *respek vir ander se regte/standpunte*
 - * *respek vir alle mense se basiese behoeftes*
 - * *vreedsame groepsdeelname/ probleem-oplossing*
 - * *respek vir vryheid van denke/spraak*
- basiese beskaafde waardes, soos
 - * *eerlikheid*
 - * *regverdigheid*

- * *bedagsaamheid*
- * *vriendelikheid*
- * *openheid*
- * *verdraagsaamheid*
- * *empatiese ingesteldheid*

- kulturele verskeidenheid

- universaliteit en wederkerigheid van menseregte

In die primêre skool sal aspekte van menseregte soos hierbo uiteengesit is, dus grootliks in die verborge of geïmpliseerde kurrikulum geakkommodeer word.

(ii) Die sekondêre skool

Waar leerders 'n basiese bewuswording van menseregte in die primêre skool ondergaan, gebeur die volgende met hulle in die sekondêre skool: "...the various subjects they begin to study more formally from specialist subject teachers introduce them to the scope of human rights, their origins, and the problems of making them reality through the ages as well as today" (Shafer, 1992: 166). (eie beklemtoning)

In hierdie fase behoort die benadering meer inhoudsgerig te wees, wat daarop neerkom dat spesifieke onderwerpe met betrekking tot menseregte ingesluit moet word in die formele kurrikulum. Hoewel leerders in hierdie fase reeds oor 'n verskeidenheid kognitiewe vermoëns beskik, moet bepaalde konsepte nog gevestig word en sekere gesindhede gevorm word (Tarrow, 1992: 28). Daar moet kennis gemaak word met abstrakte begrippe soos dié wat met filosofiese, politieke en juridiese konsepte ten opsigte van menseregte verband hou.

'n Verbesondering van die sillabustema - MENSEREGTE ten aansien van die Suid-Afrikaanse geskiedenis

Uitgaande van die standpunt dat 'n tematiese benadering in geskiedenisillabusse addisionele didaktiese meriete het, sal hierdie verbesondering neerkom op 'n uiteensetting van lesonderwerpe onder die deurlopende tema *MENSEREGTE* vir al die standerds in die sekondêre skool.

By die ontwerp en verdere uiteensetting van die sillabustema *MENSEREGTE* word daar onder andere soos volg te werk gegaan:

- * Daar is deurgaans gepoog om voorbeelde in te sluit wat in ooreenstemming is met die indeling van kennisinhoude vir menseregte-opvoeding, soos wat aangetoon is in paragraaf (b) hierbo.

- * Die leergereedheidsvlak van leerders in die onderskeie standerds is in gedagte gehou by die keuse van onderwerpe. Daar is veral op die aard van onderwerpe gelet, en meer spesifiek die konkrete of abstrakte aard daarvan, al dan nie.
- * Die kennisvlakke, oftewel die voorkennis waaroor leerders in elke standaard behoort te beskik, is deurgaans in aanmerking geneem by die keuse en strukturering van onderwerpe.
- * Die keuse van subtemas en onderwerpe vir Standaard 7 is gedoen met inagneming van die feit dat dit die laaste jaar is waartydens 'n groot persentasie van die leerlinge geskiedenis as vak neem. Dit wat vir Standaard 7 gekies is, dien as 't ware as 'n onderbou vir die inhoud wat vir Standaard 10 voorgestel word. Indien 'n leerling dus nie geskiedenis as vak vir die Senior Sekondêre Fase kies nie, is daar minstens voorsien vir genoemde "onderbou" in Standaard 7.
- * Die keuse van subtemas en onderwerpe is van so 'n aard dat daar vanuit verskillende perspektiewe op menseregte gefokus word.
- * Al die bevolkingsgroepe word by wyse van 'n spesifieke subtema verteenwoordig.
- * Daar is vir elke jaar 'n vergelykende studie-onderwerp/e voorgeskryf. Die doel daarmee is om geleentheid vir sinvolle verbandlegging te skep en om ook sodoende die universaliteit én wederkerigheid van menseregte te illustreer. Sodanige onderwerpe kan as werkopdragte verwerk word en aan individuele leerlinge of groepe leerlinge voorgehou word.

Die subtemas en studie-onderwerpe van die gekose sillabustema *MENSEREGTE* word vervolgens vir Standerds 6-10 uiteengesit.

STANDERD 6

SLAWE-ARBEID AAN DIE KAAP (1658-1834)

1. Redes vir slawe-arbeid
2. Herkoms en groei van slawebevolking (oorsigtelik)
3. Lewensomstandighede van slawe
4. Die rol van slawe op sosiale en ekonomiese gebied
5. Verdrukking van slawe - maatreëls en wette
6. Vorme van verset en weerstand
7. Negatiewe gevolge van slawerny
8. Vrystelling van slawe - 1834
9. Gevolge van vrystelling

Vergelykende studie-onderwerpe:

1. Die skending van menseregte in Brittanje tydens die Industriële Rewolusie, met besondere fokus op kinderarbeid.
2. Die geskiedenis van die slawe-arbeid van plantasiewerkers in die Verenigde State van Amerika.

STANDERD 7

DIE APARTHEIDSBELEID EN NAGEVOLGE DAARVAN (1948-1993)

1. Redes vir die apartheidsbeleid
(segregasie / apartheid / afsonderlike ontwikkeling)
2. Verontmensliking tydens die apartheid-era (aksie en teenreaksie)
 - Apartheidswetgewing ('n breë oorsig)
 - Weerstandsbewegings
 - Die Vryheidsmanifes
 - Umkhonto we Sizwe / POQO
 - Terrorisme versus rassisme
 - Insidente van weerstand byvoorbeeld
 - Sharpeville (1960)
 - Rivonia (1963)
 - 1976-Opstand
 - Weerstandsleiers - Kies EEN
 - Albert Luthli
 - Nelson Mandela
 - Robert Sobukwe
 - Joe Slovo
 - Winnie Mandela
3. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 200 van 1993)
 - Die Handves van Menseregte
 - Historiese agtergrond (in breë trekke)
 - Besondere fokus op die Kinderhandves

Vergelykende studie-onderwerpe:

1. Aspekte van die rassestryd in die Verenigde State van Amerika
2. Die stryd om regte vir vroue in Suid-Afrika

STANDERD 8

DIE ANGLO-BOEREOORLOG (1899-1902) - "N OORLOG TEEN DIE VOLK"

1. Die verskroeiende-aarde-beleid van die Britse Bewind
2. Konsentrasiekampe vir Blankes en Swartes
 - Redes daarvoor
 - Omvang daarvan
 - Diskriminasie in kampe
 - Lewensomstandighede
 - Lewensverliese
3. Emily Hobhouse se weerstandsrol
4. Reaksie in Brittanje en die res van Europa
5. Gevolge - Fisieke en geestelike agteruitgang

Vergelykende studie-onderwerpe:

1. Konsentrasiekampe vir Jode tydens die Nazi-bewind in Duitsland
2. Die menseslagting tydens Josef Stalin se bewind in Rusland

STANDERD 9

1. DIE KONSEP MENSEREGTE

- 1.1 Wat is menseregte ?
- 1.2 Die verband tussen menseregte en demokrasie
- 1.3 Waar kom die konsep menseregte vandaan ? ('n saaklike historiese oorsig)

2. GANDHI EN INDIËRVERSET 1906-1914

- 2.1 Agtergrondsgeskiedenis van Gandhi as internasionale menseregte-aktivis (in breë trekke)
- 2.2 Transvaalse Registrasiewet van 1907 en gevolge
 - Vingerafdruk-registrasie
 - Verbod op Indiër-migrasie
 - Gandhi se filosofie van lydelike verzet (satyagraha)
 - Gevangenisstraf vir honderde Indiërs
 - Wet geveto

2.3 Unie-wette en die reaksie daarop

- Beperkende en diskriminerende maatreëls
- Immigrasiewet van 1913
- Hewige proteste / stakings / onluste
- Gandhi se Vyf Punt-plan
- Verset-optog
- Massa-arrestasies
- Regeringsondersoek
- Inmenging van Emily Hobhouse
- Smuts-Gandhi-ooreenkoms
- Indiërverligtingswet van 1914
- 'n Evaluering van Gandhi se rol

Vergelykende studie-onderwerpe:

1. Gandhi se stryd om menseregte vir sy eie mense in Indië
2. Dr. Martin Luther King, Jr. se bevrydingstryd as geestelike leier in die Verenigde State van Amerika
3. Die effek van massa-aksie in die tagtiger- en negentigerjare van die twintigste eeu in Suid-Afrika

STANDERD 10

DIE APARTHEIDSBELEID EN DIE NAGEVOLGE DAARVAN (1948-1993)

1. Die Handves van Menseregte in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (sluit aan by St. 7-tema asook St. 9-tema, par. 1.)
 - Die inhoud van die handves, met besondere fokus op politieke regte as eerste-generasie-regte (blou regte)
 - Die verskil tussen Westerse en Afrika-konnotasies van die konsep menseregte
 - Die universele aard van menseregte
2. 'n Voorbeeld van die skending van politieke regte in die vyftigerjare : Kleurlinge op aparte kieserslyste
 - Wetgewing tussen 1951-1956
 - Verset en protes van Opposisie; Kleurlinge; Engelse pers; en "Torch Commando"

- Hooggeregshof- en Appèlhofuitsprake
3. Internasionale teenstand teen die apartheidsbeleid
- 3.1 Belangrike dokumente en konvensies
- Menseregte en die Hándves van die Verenigde Nasies - 1945
 - Die Universele Deklarasie van Menseregte - 1948
 - Die Universele Konvensie op die Uitskakeling van alle Vorme van Rasse-diskriminasie - 1965
 - Die Internasionale Deklarasie van Menseregte - 1966
- 3.2 Aksies van die Verenigde Nasies teen Suid-Afrika - suksesse en mislukkings

BRONNELYS

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, 1995b: Tussentydse Kernsillabus vir geskiedenis, Standerd 5, 6 en 7, Gewone Graad.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, s.j.: Konsep-dokument van die Tussentydse Kernsillabus, Standerd 8-10, HG.

KLOPPERS-LOURENS, J.C. 1995: 'n Nuwe *leitmotiv* vir die onderrig van Suid-Afrikaanse geskiedenis. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit.

KOMITEE VIR ONDERWYSDEPARTEMENTS-HOOFDE (KHOD), 1994: 'n Kurrikulummodel vir Onderwys in Suid-Afrika (KUMSA 2). Departement van Onderwys : Pretoria.

LYSEIGHT-JONES, P. 1992: To begin at a beginning: Teaching for human rights. (In. Lynch, J.; Modgil, C. & Modgil, S, eds. 1992 : Cultural diversity and the schools (Volume Four) - Human rights, education and global responsibilities. London : The Falmer Press, pp. 139-149.)

Vergelykende studie-onderwerpe:

1. Die skending van menseregte in Oeganda onder die diktatorskap van Idi Amin Dada

of

Die skending van menseregte tydens die bewind van Jean-Bedel Bokassa in die Sentraal-Afrikaanse Republiek

2. Die onderskeie rolle van F.W. de Klerk en Nelson Mandela, die gesamentlike winners van die Nobel-prys vir Vrede in 1993, ten opsigte van die afwerping van die juk van apartheid - vanuit 'n menseregte-perspektief
3. 'n Kritiese evaluering van die rol van Abraham Lincoln in die vrystelling van slawe in die Verenigde State van Amerika

Bogenoemde studie-onderwerpe sou ook kon dien as onderwerpe vir die Standerd 10 - werkstuk

MATHEWS, J. & NISBET, J. 1994: " Historical skills : Fact or fiction ? " Stellenbosch : Referaat tydens konferensie van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, Universiteit van Stellenbosch, 19-21 Januarie 1994.

NATIONAL EDUCATION AND TRAINING FORUM (NETF) s.j. : Changes to the syllabus: Recommendations for 1995 (Sub-committee : History).

RENDEL, M. 1992: Some problems in teaching Human Rights. (In. Lynch, J.; Modgil, C. & Modgil, S, eds. 1992 : Cultural diversity and the schools (Volume Four) - Human rights, education and global responsibility. London: The Falmer Press. pp. 151-162.)

RÜSEN, J. 1991: Historical education in a multicultural society. *Yesterday and Today*, 11(21), April 1991 : 1-6.

SHAFER, S.M. 1992: Teaching for human rights. (In. Lynch, J. ; Modgil, C. & Modgil, S, eds. 1992 : Cultural diversity and the schools (Volume Four) - Human rights, education and

global responsibility. London : The Falmer Press, pp. 163-173.)

STARKEY, H. 1992: Teaching for human rights and social responsibility. (In. Lynch, J.; Modgil, C. & Modgil, S, eds. 1992 : Cultural diversity and the schools (Volume Four) - Human rights, education and global responsibility. London : The Falmer Press, pp. 123-137.)

TARROW, N. 1992: Human rights education: Alternative conceptions. (In. Lynch, J.; Modgil, C. & Modgil, S, eds. 1992 : Cultural diversity and the schools (Volume Four) - Human rights,

education and global responsibility. London : The Falmer Press, pp. 21-50.)

TRüMPELMANN, M.H. 1993: Wanopvattings oor multikulturele onderwys : Die noodsaaklikheid van `n menseregte perspektief. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde, 13(3), April 1994 : 128-133.

VAN JAARSVELD, F.A. 1992: Historiese bewussyn in die identiteitsvraagstuk in die geskiedenisonderrig van `n toekomstige Suid-Afrika. Gister en Vandag, 12(24), Oktober 1992: 11-20.